



FAKULTEIT KRYGSKUNDE

Prof Edna van Harte

Dekaan: Fakulteit Krygskunde

DIE FAKULTEIT KRYGSKUNDE is in 2009 sterk geraak deur 'n kragtige aksieplan om die militêre kultuur van die Militêre Akademie op te skerp. Die spanning wat ontstaan het uit die mededinging tussen 'n militêre en 'n akademiese etos, niks ongewoons by militêre akademies nie, het sy eie uitdaging opgelewer; 'n fyn balans moes getref word om 'n omgewing te verseker wat bevorderlik is vir onderrig en leer en sterk akademiese betrokkenheid. Ons gegradueerdes moet kan toon dat hulle sowel militêr as akademies afgeronde leiers is. Luidens ons visie streef ons immers om 'n groep intellektuele innoveerders en wyse krygers te kweek!

As fakulteit het ons daarin geslaag om ons essensiële funksies na te kom: die verspreiding van kennis; die lewering van wetenskaplike navorsing; die aanwending van ons kennis in belang van die samelewing deur gemeenskapsinteraksie. Weens 'n ernstige personeeltekort (24 vakatures) het ons navorsingsuitset egter laag gebly en was ons gemeenskapsinteraksie beperk.

In ooreenstemming met die US se Visie 2012 het ons voortgegaan om internasionale vennootskappe te ontwikkel ten einde derdegeldstroominkomste te genereer en 'n wêreldwye kennisvennoot te bly. 'n Geslaagde *Defence academies and elearning*-konferensie (DACeL) is in vennootskap met die universiteit van Nieu-Suid-Wallis in Australië en Cranfield Universiteit in die Verenigde Koninkryk aangebied. Ons het ook die eerste internasionale konferensie oor *Strategic theory and contemporary African conflicts* in vennootskap met die Koninklike Deense Militêre Akademie aangebied.

Ons bydrae tot die literatuur oor veiligheidsverwante sake rakende Afrika blyk duidelik uit ons konferensieverrigtinge. Ons geakkrediteerde vaktydskrif *Scientia Militaria* (wat voorheen aan die Suid-Afrikaanse Militêre Argief behoort het) het sy veertigste bestaansjaar gevier. Ons vermoë om derdegeldstroominkomste te genereer is blootgestel aan eksterne faktore soos politiek, veiligheidsbedreigings en ander verwante sake, maar voortdurende internasionale belangstelling in samewerking met die Fakulteit bring die US duidelik onder die aandag binne en buite Afrika.

Ons Fakulteit se bydrae tot die Universiteit se Oorhoofse Strategiese Plan het aangesluit by Visie 2012 deur die Sekerheidsinstituut vir Regeerkunde en Leierskap in Afrika (SIGLA). Ons doelwitte is om gekoördineerde leierskapsopleiding van hoë gehalte oor die hele Afrika aan te bied, om by te dra tot

kennisversameling en -bestuur, om goeie bestuur en leierskap te versterk en om resultaatgebaseerde samewerkingsooreenkomste te bevorder. Ons vereenselwig ons veral met twee temas uit die US se ontwikkelingsagenda, naamlik die uitdiep van demokrasie en die bevordering van vrede en veiligheid.

Op strategiese vlak is ons Fakulteit betrokke by sake van relevansie en volhoubaarheid. Die Weermag erken steeds meer die belang daarvan om die Militêre Akademie as nasionale bate te ontwikkel. Ons volhoubaarheid is afhanklik van groter begrip vir die Militêre Akademie as 'n militêr opvoedkundige instelling eerder as 'n gewone militêre eenheid. Ons volhoubaarheid word versterk deur die feit dat uitgesonderd die Dekaan en 'n administratiewe lid al ons personeel deur die Departement van Verdediging en Militêre Veterane (DoDMV) gesalarieer word.

Ons residensiële studente is lede van die Suid-Afrikaanse Leër, Lugmag, Vloot en Militêre Gesondheidsdienste en word soos die personeel gekeur volgens 'n formule en die transformasiedoelwitte wat deur die DoDMV en die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) gestel word. Hoewel ons studentekorps die Suid-Afrikaanse demografie ten nouste weerspieël, bly ras- en geslagsdiversiteit onder fakulteitslede problematies en behoud van personeel 'n uitdaging. Ons het op die oomblik nie die infrastruktuur om ons residensiële studentetal te verhoog nie.

Die volgende getalle studente het in 2009 die genoemde kwalifikasies verwerf: 141 Hoër Sertifikaat in Militêre Studie, 73 Baccalaureus in die Krygskunde, 11 Honneurs-Baccalaureus in die Krygskunde en een Magister in die Krygskunde. Ons jaarlikse inname van eerstejaars was laer vir 2009 en die prestasie op eerstejaarsvlak raak 'n uitdaging. Slegs 60 tot 65 studente sal voortgaan met voltydse tweedejaarstudie ter verkryging van die Baccalaureus in die Krygskunde-graad. Ons gegradueerdes is die toekomstige leiers van die SANW en sal heelwaarskynlik in die een of ander hoedanigheid by vredesendings in Afrika betrokke raak.

Ons fakulteitslede en studente het steeds internasionale en nasionale prestasies behaal en militêre bevorderings ontvang. Ons vertrou dat onder sy nuwe Direkteur ons Sentrum vir Militêre Studie sy navorsingsuitset beduidend sal uitbou.

Ons spreek ons opregte waardering uit teenoor die US, die DoDMV en al die ander belanghebbendes vir hul volgehoue steun.